

Postvonnis-regte en verwagtinge van slagoffers en oortreders in geweldsmisdade met verwysing na die rolprent *The secret in their eyes*

Annette van der Merwe

Annette van der Merwe, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Suid-Afrikaanse slagoffers van gewelddadige misdade soos verkragting en moord kan tans verwag dat lewenslange gevangenisstraf as die swaarste moontlike vonnis aan hul oortreders opgelê word. Na vonnisoplegging is die werklike termyn van aanhouding wat uitgedien moet word, nie net vir die oortreder van belang nie, maar ook vir die slagoffer.

Die Argentynse rolprent *The secret in their eyes* gee 'n treffende illustrasie van die verraad wat 'n agterblywende wewenaar ervaar wanneer die staat versuim om sy verpligting na te kom om sy vrou se moordenaar regmatig te straf. In sy strewe na geregtigheid word hy self 'n lewenslange slagoffer. Die rolprent bring die regte van slagoffers en oortreders tydens die postvonnis-fase op die voorgrond. Hierdie fase word ondersoek met spesifieke verwysing na slagoffers se redelike verwagtinge van die staat, bemagtiging deur middel van hul regte (byvoorbeeld die reg om inligting relevant tot paroolbesluite te verskaf), en die ondersteuningstrukture tot hul beskikking om die effek van geweldsmisdad aan te spreek. Daarbenewens word die regte van oortreders wat lewenslange vonnisse uitdien, beoordeel, soos die reg op waardigheid en menslike interaksie, asook die reëls met betrekking tot die vonnistermyn en paroolvergunning. Die rolprent bekragtig die motivering onderliggend aan 'n kultuur van regte vir beide slagoffers en oortreders. Daarby word die wesenlike spanning tussen die regte van beide partye en die dwingende vereiste om 'n balans tussen die twee te vind, geïllustreer. Die artikel wys uit dat wanneer regsteks in formele onderrig deur die gebruik van rolprentmateriaal gekontekstualiseer word, die opleiding en begrip van regstudente aangevul en verskerp kan word.*

Trefwoorde: geweldsmisdad; impakverklarings; lewenslange gevangenisstraf; menseregte; oortreders; oudiovisuele materiaal; parool; postvonnis-fase; regsopleiding; slagofferregte; vonnis.

Abstract

Post-sentence rights and expectations of victims and offenders of violent crimes with reference to the film *The secret in their eyes*

In this article the storyline and facts in the Argentinean film *The secret in their eyes* are used to highlight and evaluate certain aspects of the criminal justice system. The focus is on those aspects which are, after conviction of a violent crime, of import to both victim and offender, namely the sentence imposed and the actual term of incarceration to be served. The current position under South African law is investigated in the event where a murderer, unlike the one in the film, had been sentenced to life imprisonment under a democratic dispensation. The post-sentence phase is examined, with reference to victims' legitimate expectations from the state, their empowerment through rights (such as the rights to receive and provide information concerning parole proceedings), and available support structures to address the effects of violent crime. In addition, the rights of offenders serving life sentences, such as the right to dignity and human interaction, as well as the rules pertaining to sentence duration and parole, are evaluated. Lastly, it is highlighted how the use of film, such as *The secret in their eyes*, may enrich legal education by supplementing legal text with the fictionalised application of (or disregard for) laws and rules in humanised settings.

The secret in their eyes depicts a young husband (Morales) who loses his beloved wife (Liliana Colotto de Morales) through the commission of a brutal rape and murder. Although the matter is initially handled as a cold case, the police investigation resumes on the insistence of the federal agents involved (Esposito and his assistant, Sandoval). They identify a suspect named Gomez, who was driven by jealousy to rape and murder Liliana. Through perseverance and grit they succeed in arresting Gomez, who finally confesses and is sentenced to life imprisonment. The backdrop to the movie is the political corruption in Argentina during the mid-1970's when the fascist regime could interfere in the legal process and disregard individual freedom and transparency. Clandestine operations, corruption and power play between role players in the criminal justice system give rise to the unexpected early release of Gomez and his appointment in a security capacity to the presidency of Argentina. Esposito and his assistant are astonished and powerless, but nothing is revealed at this point about Morales's reaction and feelings.

A retired Esposito revisits the case after 25 years to complete his first novel. In the process of seeking a more fitting ending he seeks out Morales where he is leading a quiet, rural life. What he finds is the twist in the tale. In the closing scenes of the film Esposito leaves Morales's home puzzled and decides to return stealthily. He watches Morales taking food to an outbuilding where he then finds an aged, incarcerated and worn Gomez. The film makes it evident that by removing the values of dignity, hope and human interaction and by pursuing revenge, Morales not only deprived his prisoner of his humanity, but he himself became a victim for life. The visual images and words are haunting, especially when Gomez begs Esposito to ask Morales to at least talk to him, to which Morales lifelessly responds: "You said it would be life." These images poignantly portray a prisoner and his "warden" who are

both left without any hope for the future. In watching the dilemma of Morales and Gomez the viewer cannot help but feel equal empathy for both of them.

The events in *The secret in their eyes* provide particular insight into the human experience of both Morales and Gomez. Morales believed he has been betrayed by the criminal justice system and expected Gomez to “pay back” for the murder of his young wife by suffering himself. It is evident that he felt that justice could be achieved only by inflicting appropriate harm in terms of degree and length (thereby taking life imprisonment literally). By taking the life of his wife, Gomez owed him his life.

The actions of Morales, following the unjustified early release of Gomez, raise a number of issues relating to the expectations and misconceptions of victims pertaining to the sentence of “their” perpetrators.

In addition to Morales’s position the film highlights the contrast between the lawful implementation of life imprisonment (as executed by the state) versus the situation where a victim, obsessed with vengeance, takes the law into his or her own hands. This scenario raises awareness of human rights imperatives underlying lawful incarceration (had the sentence of life imprisonment run its full term).

In its duty to protect citizens’ individual rights in the criminal justice system the state should put adequate sanctions in place. Life imprisonment is currently prescribed as the sentence for crimes such as murder and multiple rape, yet a lesser sentence may be imposed when substantial and compelling circumstances exist (section 51(3) of the Criminal Law Amendment Act 105 of 1997). Crime victims thus know only on the day of the sentencing judgment whether the prescribed sentence will be deviated from and what the sentence is that is deemed by the court to be proportionate to the crime committed against them. When life imprisonment is imposed it is important that victims and immediate family should understand its implications and consequences. Section 299A of the Criminal Procedure Act 51 of 1977 places judicial officers in a position to spend time with them, when present in court, not only to address their right to be present at future parole hearings, but also to ensure that they understand the sentencing process, their role in it, and relevant factors that influence the court’s decision.

The rights awarded in section 299A allow victims of violent crimes and their immediate family to be informed about and to be involved in parole hearings by making representations relating to an impact statement, a statement of opposition, and recommendations on possible parole conditions. It is significant that instructions to the board and its personnel go further than the mere provision of information, as it is also instructive of a sympathetic and supporting attitude and approach towards complainants and family members. However, training in skills such as listening, and knowledge of victimology and psychology seem to be essential before they can perform their task in this new paradigm. Despite criticism of these innovations, the acknowledgment of victims’ interest in release procedures and respect for their feelings can contribute to upholding their dignity and offering them a voice, and may

achieve justice in another sense. Had the sentence run its full course, Morales would have had a choice to be informed about, and to participate in, the parole proceedings of Gomez. Moreover, he would also have been informed of any escapes or transfers.

Being a victim of violent crime is a traumatic event. If this trauma is not addressed it can cause the victim to suffer from post-traumatic stress disorder (PTSD) on a long-term basis. Counselling of bereaved families after the murder of a relative is not always prioritised, as it should be. Proper support for victims of serious crime remains critical and in the absence thereof “the sting in the memory” of the wrong will often remain, which in turn can poison a person’s entire existence.

Life without parole violates an offender’s right not to be treated or punished in a cruel, inhuman and degrading way, as well as the right to human dignity. The guiding constitutional principle regarding the concept of ubuntu further underscores the recognition and furtherance of the dignity and wholeness of all people. No sense of well-being can be experienced in permanent isolation without human interaction and visitation rights.

Life-term offenders sentenced after 1 October 2004 become eligible for parole only after 25 years, as opposed to 20 years for those sentenced before this date. Correctional supervision and parole boards are constituted in a representative manner and, based on a case management system, objective guidelines must be followed in decision-making. In a democratic dispensation, Gomez, a young man at the time of sentencing, would, on assumption that his sentence had run its full course, have been released on full or day parole either after 20 or 25 years. Notwithstanding, Gomez’s own health might have played a role in effecting release before the expiry of the above terms, as medical parole remains an option to all offenders. Furthermore, even under a democratic dispensation, covert political motives may influence the decision surrounding early release. In any event, the future of Gomez would not have been determined by Morales’s need for revenge. Gomez would have been able to retain a measure of hope – to be released from prison based on future objective evaluation.

The secret in their eyes provides a poignant illustration of the betrayal experienced by a widower when the state fails to fulfil its obligation to ensure proper execution of the perpetrator’s sentence, and in the pursuit of justice he himself becomes a lifelong victim. The film raises awareness with regard to the rights of victims and offenders during the post-sentence phase. It not only reaffirms the rationale underpinning a rights culture for both victims and offenders, but also illustrates the inherent tension between rights of victims and offenders in this phase and the acute need to strike a balance.

Keywords: audio-visual material; human rights; impact statements; legal education; life imprisonment; offenders; parole; post-sentence phase; sentence; victims’ rights; violent crime

1. Inleiding

In hierdie artikel word die storielyn en feite in die Argentynse Oscar-bekroonde misdaadriller *The secret in their eyes* aangewend om sekere aspekte van die strafregstelsel te belig en te beoordeel. Die fokus word geplaas op die aspekte na skuldigbevinding wat van belang is vir beide die slagoffer en oortreder in geweldsmisdaad, naamlik, vonnisoplegging en die effektiewe termyn van opgelegde gevangenisstraf. Die posisie in die Suid-Afrikaanse reg word ondersoek sou die moordenaar, anders as in die rolprent, gevonniss word tot lewenslange gevangenisstraf in 'n demokratiese staat. Die kwessies waarop gefokus word, sluit in slagoffers se redelike verwagtinge met betrekking tot strafoplegging deur die staat, hul bemagtiging deur die toekenning van regte (soos deelname tydens paroolverhore), die noodsaaklikheid van berading na blootstelling aan geweldsmisdaad, asook die regte van oortreders wat lewenslange gevangenisstraf uitdien. Daar word gepoog om vas te stel watter regte van toepassing sou wees met betrekking tot die scenario wat in die rolprent uitgebeeld word en, indien wel, op welke manier hierdie bepalinge binne 'n menseregte-stelsel 'n verskil sou gemaak het aan die ervarings van die slagoffer en die oortreder in die rolprent. Laastens word die bruikbaarheid van rolprentmateriaal soos *The secret in their eyes* in die opleiding van regstudente kortliks uitgelig.

2. 'n Oorsig van *The secret in their eyes*

The secret in their eyes vertel die verhaal van 'n jong man (Morales) wat, kort nadat hy getroud is, sy vrou (Liliana Colotto de Morales) verloor na 'n wrede verkragting en moord. Die saak is aanvanklik onopgelos, maar die polisie-ondersoek word hervat op aandrang van die federale agente wat betrokke is (Esposito en sy assistent, Sandoval). As gevolg van hul insig in menslike gedrag, asook vindingryke en volgehoue speurwerk, identifiseer hulle 'n verdagte met die naam Gomez. Na bestudering van ou foto's glo die speurders dat Gomez, wat grootgeword het in dieselfde dorp as Liliana, in die geheim op haar verlief was. Toe hy ontdek dat sy getroud is, word hy aangevuur deur jaloesie om haar te verkrag en te vermoor. Deur volharding en durf slaag die agente daarin om Gomez te arresteer; hy lê uiteindelik 'n bekentenis af en word tot lewenslange tronkstraf gevonniss.

Die rolprent speel af teen die agtergrond van politieke korrupsie in Argentinië gedurende die middel-1970's, toe die fascistiese regering in die regsproses kon inmeng en individuele vryheid en deursigtigheid kon misken.¹ Onderduimse gekonkel, korrupsie en magspel tussen die rolspelers in die strafregstelsel gee aanleiding tot die onverwagte vroeë vrylating van Gomez en sy aanstelling in 'n sekuriteitshoedanigheid vir die president van Argentinië. Esposito en sy assistent is geskok en magteloos, maar niks word nog tot dusver oor Morales se reaksie en gevoelens geopenbaar nie.

'n Afgetrede Esposito besluit om 25 jaar later weer na die saak te verneem om sodoende sy eerste roman te voltooi. Nog geboei deur die geval, spoor hy vir Morales op waar hy 'n

oënskynlik rustige lewe in die platteland lei. Sy bevindinge sorg dan vir 'n wending in die verhaal.

In die slottonele van die rolprent verlaat Esposito onverrigter sake die huis van Morales, maar besluit om in die geheim terug te keer. Hy sien hoe Morales kos na 'n buitegebou neem waar 'n bejaarde, afgematte Gomez opgesluit is. Die rolprent maak dit duidelik dat Morales self 'n lewenslange slagoffer geword het terwyl hy deur wraaksug sy gevangene van menswaardigheid, hoop en menslike interaksie ontnem het. Die visuele beelde en woorde bly 'n mens by ten spyte van kritiek dat dit grotesk en vreemd is,² veral wanneer Gomez Esposito smee om Morales te oorreed om ten minste met hom te praat. Morales reageer net leweloos met die woorde: “Jy het gesê dit sou lewenslank wees.” Dit is 'n aangrypende toneel van 'n gevangene en sy “opsigter” wat beide sonder enige hoop vir die toekoms gelaat word.

The secret in their eyes bied besondere insigte in die menslike ervaring van beide Morales en Gomez na aanleiding van die moord op Morales se vrou. Morales glo hy is verraai deur die strafregstelsel wanneer Gomez, kort nadat hy gevonnisd is, sonder enige gronde vrygelaat word en verwag dat hy “moet terugbetaal” deur self te ly. Dit is duidelik dat hy van mening is dat geregtigheid kan seëvier slegs deur voldoende skade aan Gomez te berokken in terme van graad en tydsduur (en dus lewenslange gevangenisstraf letterlik toe te pas).³ Hy voel dat Gomez sy lewe aan hom verskuldig is, aangesien hy sy vrou se lewe geneem het.

Die opinie en optrede van Morales bring opnuut die verwagtinge en wanbegrip van slagoffers ten aansien van vonnisopleggingskwessies na vore. Tydens die ondersoek sê die polisie vir Morales dat die moordenaar waarskynlik lewenslange gevangenisstraf sal kry. Dit dra ooglopend sy goedkeuring weg as 'n behoorlike straf en hy maak dit duidelik dat 'n regverdige vonnis tot gevolg moet hê dat die oortreder 'n leë lewe sal lei. Sy letterlike begrip en verwagting word egter later duidelik uit die uiterste stappe wat hy doen om “geregtigheid” te laat geskied.

Die rolprent beklemtoon verder die kontras tussen die regmatige uitvoering van lewenslange gevangenisstraf (soos uitgevoer behoort te word deur die staat) en die geval waar 'n slagoffer met 'n wraaksugtige behepthed die reg in eie hande neem. Gomez se eensame opsluiting en sy vervalde voorkoms maak 'n mens opnuut bewus van die noodsaaklikheid van die handhawing van onderliggende menseregtebeginsels tydens regmatige aanhouding van gevonniste gevangenes. Die mees ooglopende beginsels wat in Gomez se aanhouding afwesig is, is die verpligtinge met betrekking tot die handhawing van menswaardigheid, die omstandighede van aanhouding en die behoefte aan menslike interaksie.

Die rolprent beklemtoon die rasionaal vir 'n kultuur van menseregte tydens die postvonnis-fase, nie net vir oortreders nie maar ook vir slagoffers. Die onbehoorlike gebeure in die rolprent illustreer verder ook die inherente spanning tussen die partye se regte en die dwingende vereiste om 'n balans tussen die twee te vind.

3. Slagoffers van geweldsmisdade in die Suid-Afrikaanse strafregstelsel

3.1 Geldige verwagtinge van slagoffers

Suid-Afrikaners word aan buitengewoon hoë vlakke van viktimisasie blootgestel deur geweldsmisdade soos verkragting en moord.⁴ Van Zyl Smit⁵ wys daarop dat die staat 'n wye diskresie het in die verpligting om die grondwetlike regte van sy burgers te handhaaf en dat die straf van oortreders deur die strafregstelsel een van die opsies is om daaraan te voldoen. Dit vereis die instelling van voldoende sanksies, wat terselfdertyd ook die staat se poging om individuele regte in die strafregstelsel te beskerm, sal ondersteun.⁶ Daar word aan die hand gedoen dat voldoende sanksies beslis ook die behoorlike uitvoering daarvan sou insluit.

Na die afskaffing van die doodstraf in 1995⁷ is lewenslange gevangenisstraf nou die swaarste moontlike vonnis wat opgelê kan word met betrekking tot oortreders wat skuldig bevind word aan ernstige misdade. Sekere kategorieë van verkragting en moord, met spesifieke verswarende omstandighede, word uitgesonder deur die wetgewer as misdade waarvoor lewenslange tronkstraf voorgeskryf word.⁸ Moord met voorbedagte rade en herhaalde verkragting, soos in die geval van die rolprent onder bespreking, val in hierdie kategorie. Hierdie vonnisse dien egter slegs as uitgangspunt en die houe mag 'n mindere vonnis oplê in gevalle waar “wesentliche en dwingende omstandighede” bestaan.⁹ Lewenslange gevangenisstraf word gekoppel aan die beginsel van proporsionaliteit (gegrond op al die feite wat van toepassing is op die misdaad, die misdadiger en die openbare belang). Buitensporige vonnisse moet vermy word, aangesien houe verplig is om onreg teenoor oortreders te voorkom.¹⁰

In *S v Vilakazi*¹¹ het die hoogste hof van appèl gewaarsku teen 'n oppervlakkige benadering in gevalle waar minimum strawwe van toepassing is en het die korrekte benadering met betrekking tot hierdie sake uitgelig:

From those who are called upon to sentence convicted offenders, such cases call for considerable reflection. Custodial sentences are not merely numbers. And familiarity with the sentence of life imprisonment must never blunt one to the fact that its consequences are profound.¹²

Dieselfde hof beklemtoon egter in *S v Matyityi* dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe minimum vonnisse te alle tye bo verdenking moet wees en dat houe nie moet terugval op vae en swak-gedefinieerde faktore soos “betrekklike jeugdigheid” of die willekeur van die individuele voorsittende beampte nie: “Predictable outcomes [...] is [sic] foundational to the rule of law which lies at the heart of our constitutional order.”¹³

Daar word egter aan die hand gedoen dat slagoffers van ernstige geweldsmisdade geen manier het om die vonnis van hulle oortreders te voorspel nie. Terwyl hulle bewus kan wees dat wetgewing ongetwyfeld lewenslange gevangenisstraf in sekere gevalle magtig (en voorskryf) as 'n minimum vonnis vir moordenaars en verkragters, sal die finale vasstelling

van die vonnis eers op die dag van die vonnisuitspraak plaasvind.¹⁴ Die eindvraag bly dus of die hof sal bevind dat die misdaad wat teen hulle gepleeg is, lewenslange gevangenisstraf verdien, of andersins dat die beskuldige 'n onreg aangedoen sou word deur die oplegging daarvan.¹⁵

Sodra die vonnis vasgestel word, is die werklike termyn van aanhouding wat uitgedien moet word,¹⁶ van die uiterste belang, nie net vir die oortreder nie, maar ook vir die slagoffer(s).¹⁷ Slagoffers en hul familie moet die uitwerking en gevolge van lewenslange gevangenisstraf verstaan. Regter Satchwell toon sensitiwiteit vir hierdie behoefte in *S v M*¹⁸ deur 'n kommunikasie-strategie daar te stel om sodoende die slagoffer in te lig aangaande die verskillende oorwegings tydens vonnisoplegging en die regsgevolge van lewenslange gevangenisstraf. So 'n benadering moet in meer gevalle gevolg word, omrede slagoffers heelwat kan baat by die inligting. Daar word aan die hand gedoen dat artikel 299A,¹⁹ soos hier onder bespreek, voorsittende beamptes in 'n posisie plaas om self aandag te gee aan slagoffers en hul onmiddellike familieledede indien hulle in die hof teenwoordig is. Hierdie voorstel word aan die hand gedoen, nie net om die reg op deelname aan toekomstige paroolverhore aan te spreek nie, maar ook om te verseker hulle verstaan die proses van vonnisoplegging, die rol wat hulle daarin speel, en ander tersaaklike faktore wat 'n invloed op die hof se besluit kan uitoefen.²⁰

3.2 Bemagtiging van slagoffers deur die toekenning van regte

Die huidige bespreking fokus op die regte van slagoffers wat tydens die postvonnis-fase relevant is, naamlik die regte met betrekking tot regverdige en waardige behandeling, en die aanbied en ontvang van inligting ten aansien van paroolverrigtinge. Vir die doeleindes van die regte wat toegeken word ingevolge die *Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika 2007* (slagofferhandves),²¹ word 'n slagoffer van misdaad breedweg omskryf as²² 'n persoon wat skade gely het, met inbegrip van fisiese of geestelike beserings, emosionele lyding, ekonomiese verlies, of wesenlike aantasting van sy of haar fundamentele regte, as gevolg van 'n handeling of late wat 'n misdryf uitmaak in ons strafregstelsel. Die woord *slagoffer* sluit ook, waar toepaslik, die onmiddellike familie of afhanklikes van die betrokke slagoffer in.

In 'n poging wat gerig is op die bemagtiging van slagoffers in die algemeen tydens hul blootstelling aan die verskillende prosesse in die strafregstelsel, word sekere regte in die slagofferhandves aan hulle toegeken. Die motivering vir die beklemtoning van slagoffers se regte deur middel van 'n handves is om gelykheid van grondwetlike regte en vryhede vir beide oortreders en slagoffers te bevorder.²³ Verder word erkenning verleen aan die ernstige uitwerking van misdaad en die potensiaal daarvan om die menseregte van slagoffers te skaad. Regter Ponnar²⁴ beklemtoon dat 'n verligte en regverdige strafbeleid nie net die oorweging van 'n wye verskeidenheid vonnisopsies vereis nie, maar ook die toepassing van 'n slagoffergesentreerde benadering. Klem op meer doeltreffende bystand vir en integrasie van slagoffers in die strafregstelsel herbevestig die demokratiese waarde van menswaardigheid: "It enables us [...] to vindicate our collective sense of humanity and

humaneness.”²⁵ Onlangse wetgewing²⁶ en riglyne²⁷ verskaf ook ’n statutêre platform wat slagofferbetrokkenheid en waardes bevorder, soos die herstel van verhoudings²⁸ en die aanspreek van skade.²⁹

Anders as die posisie met betrekking tot die gebruik van slagofferimpakverklarings tydens die voorvonnis-fase³⁰ word deelname deur die slagoffers of hul onmiddellike familie vir die doeleindes van paroolbesluite slegs in geval van geweldsmisdade toegelaat. Artikel 299A van die Strafproseswet 51 van 1977 verleen die reg aan ’n klaer, of ’n onmiddellike familielid, om (in die geval van ’n moordsaak, soos in die rolprent), vertoë te rig of enige sitting by te woon met betrekking tot die beskuldigde se toekomstige paroolverhore.³¹ Wanneer die onmiddellike familielid van die oorledene aanwesig is tydens vonnisoplegging, moet die hof hom of haar dienoooreenkomstig in kennis stel.

Indien die familielid van voorneme is om bogenoemde reg uit te oefen, het hy of sy ’n plig (i) om die kommissaris van korrektiewe dienste skriftelik daarvan in kennis te stel; (ii) om die kommissaris skriftelik van sy of haar pos- en straatadres te voorsien; en (iii) om die kommissaris skriftelik in kennis te stel van enige verandering van adres.³² Die kommissaris moet die betrokke paroolraad (die raad) dienoooreenkomstig inlig en laasgenoemde moet die betrokke persoon skriftelik in kennis stel wanneer en aan wie hy of sy vertoë kan rig, of wanneer en waar ’n byeenkoms sal plaasvind.³³ Die kontakbesonderhede van die familielid moet vertroulik gehou word en slegs gebruik word vir kontakdoeleindes deur die raad.³⁴ Deelname aan raadsverhore mag te eniger tyd versoek word gedurende die oortreder se termyn van gevangenisstraf.³⁵ Die familie mag te eniger tyd besluit om bygestaan te word deur ’n regsadviseur.³⁶

Die formaat van die verklaring wat by die raad gemaak kan word, kan wissel. Insette tydens die verhoor mag mondeling, skriftelik, of deur klank- of video-opname gemaak word.³⁷ Die verklaring kan verder bestaan uit ’n impakverklaring, ’n opponerende verklaring, en/of aanbevelings oor moontlike paroolvoorwaardes. Laasgenoemde twee opsies moet verwys na die risiko waaraan die klaer of familie blootgestel sou word na afloop van die vrylating van die oortreder.³⁸ Die impakverklaring maak voorsiening vir ’n beskrywing van die fisiese, finansiële en emosionele gevolge wat die misdryf op die onmiddellike familie gehad het.³⁹ In die geval van die rolprent sou die persoonlike nagevolge van Liliana se dood op Morales, haar ouers, broers en susters, en kinders (indien enige), dus by die verhoor voorgelê kon gewees het. Die voorsitter van die raad kon ook versoek het dat Morales sy verklaring verduidelik om sodoende nuttige en toepaslike inligting te bekom ten opsigte van die betrokke besluit.⁴⁰

Om waningeligte verwagtinge te voorkom, adviseer die raad enigiemand wat vertoë aan hulle rig, dat slagofferinspraak slegs een van verskeie faktore sal wees wat oorweeg word om ’n finale ewewigtige besluit te neem.⁴¹

Alhoewel hierdie bepalings beslis voorsiening maak vir ’n meer formele rol met betrekking tot slagoffer- en familiebetrokkenheid in paroolverhore, het sodanige deelname geen

beslissende invloed op die uitkoms nie. Die motivering hiervoor is dat die familie van die oorledene nie onpartydig sou wees nie, en daarom nie neutraal en regverdig sou handel in die evaluering van al die ander faktore wat toepaslik is op die paroolraad se besluit nie.

Die uitkoms, asook al die voorwaardes wat opgelê word, moet gekommunikeer word. Sou dit nodig wees om die oortreder te verhoed om ongewenste kontak met die familie te hê, kan die raad sodanige bepalings insluit. Deur te kies om op hoogte gehou te word van die beskuldigde se uitdiening van die vonnis, sal die familie ook in kennis gestel word van enige ontsnapping uit bewaring en oorplasings na ander gevangnisse.⁴²

Verder moet daarop gelet word dat die voorsitter opdrag gegee is om die behoeftes en belange van familielede aan te spreek, om sensitief teenoor die klaer te wees, en om met medelye en deernis op te tree gedurende interaksie met die familie.⁴³ Ander aspekte wat na verwagting nagekom moet word, verwys na die identifisering van die slagoffer se vermeende en werklike vrese (en die aanspreek daarvan) en, indien nodig, om ondersteuning in die vorm van begeleiding toe te staan. Die slagoffer en familie moet voorsien word van omvattende inligting wat verband hou met die saak, die paroolverhoor self en die rol wat hulle daarin speel, en 'n personeellid moet aangestel word om hulle by te staan.

Dit is betekenisvol dat bogenoemde instruksies aan die raad en sy personeel verder strek as net die blote verskaffing van inligting. Daar is ook 'n voorskrif ten opsigte van hul houding en benadering jeens klaers en familielede. Om aan hierdie standaard te voldoen, vereis spesifieke vaardighede, soos om 'n goeie luisteraar te wees en om kennis van viktimologie en sielkunde te hê. Opleiding blyk noodsaaklik te wees alvorens hulle die funksies binne hierdie nuwe bedeling doeltreffend kan verrig. Die uitdaging sou egter wees om die nodige kopskuif te maak.

Slagofferbetrokkenheid op hierdie skaal is nie 'n internasionaal-erkende praktyk⁴⁴ nie en betrokkenheid tydens parool is eers in 2003 in Suid-Afrika geformaliseer, met riglyne wat in 2006 gevolg het. Die oortredings van voorafbeplande moord en herhaalde verkragting lok gewoonlik 'n lang termyn van gevangenisstraf uit en dit kan dalk te vroeg wees om die effek van hierdie bepalings behoorlik te evalueer. Navorsing moet gedoen word ten einde kennis en insig te verkry aangaande die houdings van slagoffers en onmiddellike familielede teenoor hierdie vernuwinge.

Hierdie nuwe benadering is beslis oop vir kritiek en vrae is reeds geopper in verband met soortgelyke praktyke. Vrae hou verband met hoe slagoffers heimlik oorreed word om oor die algemeen saam te werk in die strafregstelsel, hoe hulle moontlik deur politici gebruik kan word in die bevordering van hul eie strewes, en of terapeutiese resultate nie elders gesoek moet word nie.⁴⁵ Verder, as gevolg van die ernstige probleem van oorvol gevangnisse,⁴⁶ sal die familie se opponering met betrekking tot die langdurige aanhouding van bepaalde oortreders selde deurslaggewend tot die saak wees. Daarteenoor, indien die verklaring dui op geldige en wesenlike redes wat aantoon dat die oortreder 'n risiko inhou, kan dit anders beskou word. Teenstand teen vrylating gemotiveer deur politieke affiliasie kan ook soms

suksevol wees, soos in die geval van vroeë vrylating wat hier onder bespreek word.⁴⁷

Dit wil voorkom asof Morales onder 'n bestel van slagoffersregte en gebaseer op die aanname dat Gomez sy regmatige tronkstraf uitgedien het, die keuse sou gehad het om vertoë te rig en selfs Gomez se vrylating op parool sou kon teengestaan het.⁴⁸ Hy sou 'n stem gehad het – vir homself en sy oorlede vrou – en hy sou die opsie kon hê om behoorlik in kennis gestel te word, asook om bogenoemde keuse te kon uitoefen.⁴⁹ Dit sou verder daartoe kon bydra dat die moord nie bloot 'n stille misdaadstatistiek word nie.⁵⁰ Deur Morales te erken as 'n slagoffer en as iemand wat 'n belangstelling in die vrylating van sy vrou se moordenaar het, word sy reg op waardigheid gehandhaaf.⁵¹ Om erkenning en respek te toon vir sy gevoelens, soos vergestalt deur die deelname van sy keuse, sou neerkom op die verwesenliking van geregtigheid in 'n ander sin.⁵²

3.3 Die invloed van geweldsmisdaad en die slagoffer se behoefte aan ondersteuning

Oor die algemeen beskou mense hul wêreld as sinvol.⁵³ Wanneer hierdie aanname verpletter word deur 'n gebeurtenis soos die moord van 'n eggenoot, word sielkundige nagevolge ervaar wat na vore kom as depressie, hulpeloosheid, akute angs en neuroses. 'n Sterk gevoel van wantroue, onsekerheid oor die toekoms en gevoelens van selfverwyt kan ook ervaar word. Om die slagoffer van geweldsmisdaad te wees, is 'n traumatiese gebeurtenis. Indien hierdie trauma nie aangespreek word nie, kan dit veroorsaak dat die slagoffer op lang termyn aan posttraumatische stresversteuring (PTSV) ly.⁵⁴

Hoewel die regering 'n slagofferbemagtigingsbeleid⁵⁵ daargestel het, is dit moeilik om die werklike toepassing, en verskeie probleme met betrekking tot die toepassing, te kontroleer.⁵⁶ 'n Groter aantal lekeberaders en vrywilligers (traumadeskundiges, terapeute en ander professionele persone) is nodig om by te dra tot hierdie programme.⁵⁷ Verder blyk dit dat die berading van families na afloop van die moord van 'n familielid nie altyd die voorkeur kry soos dit veronderstel is om te wees nie.⁵⁸ Behoorlike ondersteuning aan die slagoffers van ernstige misdaad bly van kritieke belang, en in die afwesigheid daarvan sal die nagedagtenis van die misdaad voortleef, en sodoende sy of haar lewe enduit vergiftig.⁵⁹

4. Die regte van oortreders wat gevonniss word tot lewenslange gevangenisstraf

4.1 Aanhouding van gevonniste gevangenes

Die rolprent *The secret in their eyes* toon die sprekende kontras tussen die regmatige uitvoering van lewenslange gevangenisstraf (soos uitgevoer deur die staat in 'n demokratiese bedeling) en die situasie waar 'n slagoffer (verteer deur wraak en oortuig dat dit tot 'n betekelose lewe vir die oortreder moet lei), die reg in eie hande neem. Die menseregtebepalings onderliggend aan regmatige aanhouding (sou die vonnis van lewenslange tronkstraf die volle termyn loop), word hier van nader bekyk. Die klem word geplaas op die verpligtinge met betrekking tot die handhawing van menswaardigheid, die

omstandighede van aanhouding en die behoefte aan menslike interaksie. Daarbenewens word die prosedures vir vrylating op parool kortliks ondersoek.

Beide slagoffers en oortreders het 'n ingebore menswaardigheid en die reg op respek en die beskerming daarvan.⁶⁰ Daarbenewens verbied die reg op vryheid en sekerheid van die persoon dat die oortreder op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf mag word.⁶¹ Al drie hierdie kenmerke van wat 'n verbode strafopsie sou behels, tas menswaardigheid in die een of ander vorm of mate aan.⁶² Die reg op menswaardigheid vereis ook dat, nadat die oortreder 'n langtermyn-gevangenisstraf uitgedien het en hervorming toon, hy of sy 'n mate van hoop op vrylating moet hê.⁶³ 'n Lewenslange termyn van gevangenisstraf sonder die moontlikheid van vrylating sou beide die reg op vryheid en sekerheid van die persoon en die reg op menswaardigheid skend.⁶⁴

In teenstelling met die slagoffers van misdaad geniet oortreders grondwetlike beskerming as gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone.⁶⁵ In die konteks van hierdie artikel, is die regte met betrekking tot fisiese aanhouding en menslike interaksie van toepassing.⁶⁶ Die omstandighede van aanhouding moet in ooreenstemming wees met menswaardigheid, en die minimum bepalings verwys na oefening, voldoende akkommodasie, voedsel, leesstof en mediese behandeling.⁶⁷ Dit is nie duidelik uit die rolprent of meer as (afgesonderde) verblyf en kos aan Gomez gebied is nie. Wat die opvallendste is, is die invloed van die ontneming van kommunikasie (taal) op Gomez, asook die gebrek aan besoekregte.⁶⁸ Besoeke deur byvoorbeeld familieledede of 'n geestelike raadgewer is op een lyn met respek vir die menswaardigheid van die oortreder. Dit bied verder die geleentheid aan diegene wat omgee vir die welsyn van die oortreder, om fisiese en sielkundige mishandeling te kontroleer en om klagtes aanhangig te maak, indien nodig.⁶⁹ Hierdie reg op menslike interaksie verwys na die kern van menswees. Die grondwetlike riglyn met betrekking tot die beginsel van ubuntu beklemtoon die erkenning en bevordering van die waardigheid en heilheid van alle mense deur middel van sosiale verhoudings en praktyke.⁷⁰ 'n Gevoel van welstand kan dus duidelik nie in permanente afsondering ervaar word nie.

4.2 Parool

Die Suid-Afrikaanse parooladministrasie word vandag beïnvloed deur die ou Wet op Korrektiewe Dienste 8 van 1959, en die nuwe Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998. Die vrylating van gevangenes wat reeds vonnisse uitgedien het teen die tyd van die finale inwerkingtrede van die nuwe wet,⁷¹ word nog steeds deur die ou wet en die beleid en riglyne wat voorheen toegepas is, beheer.⁷² Die beleid vir lewenslange gevangenes het in 1996/1997 verander, en alhoewel gevangenes steeds na 15 jaar vrygelaat kan word, word hulle oor die algemeen na 20 jaar vir parool in aanmerking geneem.⁷³ Lewenslange gevangenes wat ná 1 Oktober 2004 gevonnisd is, kan eers ná 25 jaar vir parool in aanmerking kom.⁷⁴ Dit sluit volle parool en dagparool in. Lewenslange gevangenes wat 65 jaar oud word, mag op parool vrygelaat word op voorwaarde dat hulle minstens 15 jaar van hul vonnis uitgedien het.⁷⁵ In die geval van 'n oortreder wat terminaal siek is, of in so 'n mate fisies gestremd is dat selfversorging onmoontlik is, kan mediese parool toegestaan word.⁷⁶

Die vorige paroolstelsel is gekritiseer weens ondeursigtigheid en 'n gebrek aan onafhanklikheid met betrekking tot besluitneming.⁷⁷ Omrede parool administratief inmeng met vonnisse wat opgelê is deur 'n hof, is die samestelling van strukture om hierdie besluite te neem, van groot belang. Met inagneming van bogenoemde kritiek word korrektiewe-toesig- en paroolrade nou op 'n meer verteenwoordigende wyse⁷⁸ saamgestel en objektiewe riglyne moet gevolg word.

Gebaseer op 'n gevallebestuurstelsel word die paroolproses outomaties geaktiveer vir elke individu in ooreenstemming met die minimum tydperk wat ingevolge paroolbeleid uitgedien moet word. 'n Gevallebestuurskomitee stel 'n profielverslag op vir elke oortreder (gebaseer op onder andere 'n sielkundige evaluering aangaande risiko vir die publiek), wat aan die raad voorgelê word.⁷⁹ Die gehalte van die verslag is van uiterste belang en die raad het 'n plig om dit behoorlik te oorweeg.⁸⁰ Toepaslike dokumentasie moet aangeheg wees en kan skriftelike verslae deur die oortreder self, sy of haar prokureur en die slagoffer se insette insluit, indien laasgenoemde dit goeddink. Die oortreder het die reg om te reageer op enige verklaring wat deur die slagoffer of sy/haar onmiddellike familie aan die raad gemaak word,⁸¹ asook om teenwoordig te wees gedurende enige mondelinge vertoë.⁸² Die raad maak aanbevelings aan die nasionale raad, wat op sy beurt weer aanbevelings aan die minister maak.⁸³ Die kommissaris, of die minister van korrektiewe dienste, het 'n vetoreg teen enige besluit van die raad, wat 'n appèl deur enige van die twee partye na die paroolhersieningsraad moontlik maak.⁸⁴

In die rolprent sou Gomez, 'n jong man ten tye van die vonnis en op die veronderstelling dat hy die volle tydperk van sy vonnis sou uitdien, vrygelaat word op volle parool of dagparool, óf na 20 óf na 25 jaar. Dit is gebaseer op die aanname dat sy profielverslag korrek was, dat hy nie 'n risiko van heroortreding ingehou het nie en dat Morales se opponerende verklaring nie swaarder as ander belangrike oorwegings sou weeg nie.⁸⁵ Gomez se eie gesondheid sou moontlik ook 'n rol kon gespeel het in sy vrylating voor die verstryking van bogenoemde termyn, omdat mediese parool 'n opsie bly vir alle oortreders.⁸⁶ Verder: selfs onder 'n demokratiese bedeling kan bedekte politieke motiewe die besluit met betrekking tot vroeë vrylating beïnvloed.⁸⁷ Gomez se toekoms sou in elk geval nie bepaal word deur Morales se behoefte aan wraak nie. Hy sou 'n mate van hoop gehad het – om uit die tronk vrygelaat te word, gebaseer op toekomstige objektiewe evaluering.

5. Rolprentmateriaal as onderrighulpmiddel

Rolprentmateriaal as sodanig kan insig gee in of lig werp op die manier waarop ons aspekte van die reg verstaan. Regsonderrig kan dus verryk word deur die aanvulling van regstekke met fiksie, waarin die toepassing (of miskenning) van tersaaklike wette of reëls in die praktyk uitgebeeld word. Daar word lank reeds erken dat oudiovisuele materiaal bewustheid verhoog op maniere wat verskil van regstekke en gebruiklike lesings.⁸⁸ Rolprentmateriaal wat gebruik word in samewerking met lesings, laat die dosent toe om studente se verstandelike en emosionele betrokkenheid te bevorder.⁸⁹ Soos voorheen uitgewys, kan die kyker in *The secret*

in their eyes nie verhelp om aan die einde van die film vasgevang te voel in die dilemma van gelyke empatie vir die slagoffer en oortreder nie. Die gebruik van hierdie filmmateriaal bereik dus 'n bepaalde opvoedkundige doel, naamlik om sekere postvonnis-kwessies in 'n duideliker lig te toon.⁹⁰ In hierdie geval verwys dit na die noodsaaklikheid van regte vir beide partye en spreek sodoende eensydige standpunte aan waar daar 'n wanbalans of onsensitiwiteit kan voorkom ten opsigte van die regte van een van die partye.

Beelde dra ook die dilemma van Morales ('n lewenslange slagoffer verteer deur wraakgerigte "geregtigheid") en Gomez (in permanente eensame opsluiting sonder enige hoop), veel beter oor as teks of spraak.

Daarbenewens, alhoewel die regsaspekte onder bespreking in woorde beskryf kan word, word inligting beter onthou wanneer die boodskap deur beeldmateriaal oorgedra word. Daar word egter gewaarsku dat die vakkundigheid en inhoud van die leerplan nooit totaal vervang moet word deur mediategnologie nie.⁹¹ Aan die ander kant beveel meer onlangse navorsing die gebruik van media as studiemateriaal aan om sodoende studente se leerstyle in 'n visueel-georiënteerde en tegnologie-gedrewe samelewing in ag te neem. Dit sal nie net studente se leerprosesse motiveer nie, maar ook bydra tot 'n wyer begrip van die reg.⁹² Om die reg wat van toepassing is in die postvonnis-fase by wyse van hierdie rolprent te verduidelik, hou 'n verdere voordeel in, naamlik dat die kykers (studente) by die karakters betrek kan word asof hulle werklik is en aan hierdie oefening amper 'n element van realiteit gee.

6. Gevolgtrekking

Die rolprent *The secret in their eyes* bied 'n unieke insig in die ervaring van beide die slagoffer en oortreder na afloop van 'n gewelddadige misdaad, in besonder tydens die postvonnis-fase. Dit is 'n aangrypende uitbeelding van hoe die staat versuim om sy plig na te kom deur 'n moordenaar behoorlik te straf, en hoe die onmiddellike familielid – in hierdie geval die wewenaar – 'n lewenslange slagoffer word in sy desperate strewe na geregtigheid. Die rolprent herbevestig die motivering onderliggend aan 'n kultuur van menseregte vir beide slagoffers en oortreders. Die gebeure beklemtoon en bevestig verder die weselike spanning tussen die regte van slagoffers en oortreders en die dwingende vereiste om 'n balans te vind. Die artikel illustreer ook hoe die kontekstualisering van regstekes en formele onderrig deur die gebruik van filmmateriaal die opleiding en begrip van regstudente kan aanvul en verskerp.

Bibliografie

Botein, M. 1979. *Videotape in legal education: A study in its implications and a manual for its use*. New York: Communications Media Center, New York Law School.

Bradshaw, P. 2010. *The Guardian*-rolprentresensie.
<http://www.guardian.co.uk/film/2010/aug/12/the-secret-in-the-their-eyes-review> (20 Mei 2011 geraadpleeg).

Cilliers, C.H. 2006. New horizons for parole application in South Africa. *Acta Criminologica*, 19:ii, iv.

Currie, I. en J. de Waal. 2005. *The Bill of Rights Handbook*. Landsdowne: Juta.

Davies, M., H. Croall en J. Tyrer. 2010. *Criminal justice*. Harlow: Pearson/Longman.

Davis, L. en R. Snyman (reds.). 2005. *Victimology in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.

Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika. Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling. [http://www.justice.gov.za/VC/docs/vc/2007 Service charter afr.pdf](http://www.justice.gov.za/VC/docs/vc/2007_Service_charter_afr.pdf) (20 Mei 2011 geraadpleeg).

E-Nuus Ekstra. 2011. Clive Derby-Lewis released soon???
YouTube. <http://www.youtube.com/watch?v=vvY6bqmlN1Y> (30 November 2011 geraadpleeg).

Emmerson, B. en A. Ashworth. 2001. *Human rights and criminal justice*. Londen: Sweet and Maxwell.

Fagan, H. 2004. Curb the vengeance: Laws on minimum sentencing and parole spell worsening prison conditions. *SA Crime Quarterly*, 10:3.

Family of Chris Hani joined to oppose parole application. Facebook.
<http://www.facebook.com/group.php?gid=32546198319> (28 Mei 2011 geraadpleeg).

Giffard, C. en L. Muntingh. 2006. *The effect of sentencing on the size of the South African prison population*. Open Society Foundation for South Africa. Verslag, 3:7–11.

Hermida, J. 2006. Teaching criminal law in a visually and technology orientated culture: A visual pedagogy approach. *Legal Education Review*, 16:14.

Holland, J. 2009. The secret in their eyes. *Daily Variety*, 305(1):16.

Janoff-Bulman, R. en I.H. Frieze. 1983. A theoretical perspective of understanding reactions to victimisation. *Journal of Social Issues*, 39(2):1–3.

Johnson, V.R. 1987. Audiovisual enhancement of classroom teaching: A primer for law professors. *Journal of Legal Education*, 37:99.

Khumalo, S. 2011. Shaik parole double standards questioned. <http://www.iol.co.za/news/politics/shaik-parole-double-standards-questioned-1.1034156> (29 Mei 2011 geraadpleeg).

King, B. 2011. Are our criminal courts failing society and victims of crime in particular? *De Rebus*, 59–60.

Kruger, A. 2010. *Hiemstra Suid-Afrikaanse strafprosesreg*. Durban: Butterworths.

Louw, F.C.M. 2008. The parole process from a South African perspective. Ongepubliseerde LLM-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Mhambi, K. 2008. Clive Derby-Lewis on the wrong side of history. <http://mhambi.com/2008/11/clive-derby-lewis-on-the-wrong-side-of-history> (30 November 2011 geraadpleeg).

Minimum standarde vir dienste vir slagoffers van misdaad. Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling. http://www.justice.gov.za/VC/docs/vcms/2007_MIN_STAND_AFR_v3.pdf (20 Mei 2011 geraadpleeg).

Mokgoro, J.Y. 1997. Ubuntu and the law in South Africa. <http://www.ajol.info/index.php/pelj/article/viewFile/43567/27090> (30 November 2011 geraadpleeg).

Müller, K. en A. van der Merwe. 2006. Recognising the victim in the sentencing phase: The use of victim impact statements in court. *South African Journal on Human Rights*, 22:647.

National directory on services for victims of violence. http://www.justice.gov.za/VC/docs/2005_NationalDirectory_dsd.pdf (26 Mei 2011 geraadpleeg).

Nel, J.A. en D.J. Kruger. 2004. From policy to practice. Victim empowerment in South Africa: A follow-up study. Ongepubliseerde interimverslag, Universiteit van Suid-Afrika.

Post-traumatic stress disorder DSM-IVTM diagnosis and criteria. Post-traumatic stress disorder today. <http://www.mental-health-today.com/ptsd/dsm.htm> (26 Mei 2011 geraadpleeg).

Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. http://www.capegateway.gov.za/eng/your_gov/3576/pubs/public_info/V/154344 (26 Mei 2011 geraadpleeg).

- SAPA. 2010. Review Shaik's parole, says DA. <http://www.polity.org.za/article/review-shaiks-parole-says-da-2010-01-19> (29 Mei 2011 geraadpleeg).
- SAPA. 2011. Shaik's parole could be cancelled. <http://www.timeslive.co.za/local/article966805.ece/Shaiks-parole-could-be-cancelled> (29 Mei 2011 geraadpleeg).
- Snyckers, F. en J. le Roux. 2010. Criminal procedure. In Woolman, Roux en Bishop (reds.) 2010.
- Suid-Afrikaanse Regskommissie, besprekingsdokument 102, projek 107 (2001). Sexual offences: Process and procedure.
- Terblanche, S.S. 2003. Mandatory and minimum sentences: Considering s 51 of the Criminal Law Amendment Act 1997. *Acta Juridica*, 194-220.
- . 2007. *Guide to sentencing in South Africa*. Durban: Butterworths.
- Tutu, D. 1999. *No future without forgiveness*. Londen: Ebury Publishing.
- Van der Merwe, A. 2008. In search of sentencing guidelines for child rape: An analysis of case law and minimum sentence legislation. *Journal of Contemporary Roman Dutch Law*, 71(4):589-602.
- . 2010. Therapeutic jurisprudence: Judicial officers and victims' welfare – *S v M* 2007 2 SACR 60 (WLD). *South African Journal of Criminal Justice*, 23:98-106.
- Van Ness, D.W. en K.H. Strong. 2010. *Restoring justice: An introduction to restorative justice*. Cincinnati, OH: Anderson.
- Woolman, S., T. Roux en M. Bishop. 2010. *Constitutional law of South Africa*. Kaapstad: Juta.
- Zehr, H. 2002. *The little book of restorative justice*. Intercourse, PA: Good Books.

Eindnotas

* Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n referaat wat verskyn in 'n konferensiebundel: Van der Merwe, A. 2012. Justice “outside” the law in *The secret in their eyes: Victim and offender rights in the post-sentencing phase*. In Viljoen, F. (red.). 2012. *Beyond the law: Multi-disciplinary perspectives on human rights*. Pretoria: Pretoria University Law Press.

¹ Holland (2009:16).

² Bradshaw (2010).

³ Davis en Snyman (2005:126).

⁴ *S v Makwanyane* 1995 2 SA 1 (KH) par. 117: “The level of violent crime in our country has reached alarming proportions. It poses a threat to the transition to democracy, and the creation of development opportunities for all, which are primary goals of the Constitution. The high level of violent crime is a matter of common knowledge and is amply borne out by the statistics provided by the Commissioner of Police in his *amicus brief*...”; ook *S v Vilakazi* 2009 1 SA 552 (HHA) par. 2.

⁵ Woolman e.a. (2010:49).

⁶ Woolman e.a. (2010:49–52), m.b.t. die reg van familieledede wat behoorlike vervolging en straf van moordenaars vereis.

⁷ *Makwanyane*.

⁸ Die Strafwysigingswet 105 van 1997 het op 1 Mei 1998 in werking getree. Art. 51 maak voorsiening vir 'n stelsel van diskresionêre minimum vonnisse waar meer ernstige misdade betrokke is. Art. 51(1) skryf lewenslange gevangenisstraf voor as 'n vonnis vir geselekteerde gevalle van moord en verkragting (soos per bylae 2 deel I). Kruger (2010:755) beklemtoon dat die motivering vir lewenslange gevangenisstraf is om die gemeenskap teen gevaarlike misdadigers te beskerm.

⁹ Art. 51(3)(a) Strafwysigingswet 105 van 1997. Sien *S v Malgas* 2001 1 SA 469 (HHA) (*Malgas*) vir die uitleg van hoe hierdie artikel toegepas moet word om steeds swaarder vonnisse op te lê, al word daar van die voorgeskrewe vonnisse afgewyk. Terblanche (2003:220) kritiseer die instelling van minimum vonnisse, omrede dit 'n valse gevoel van sekuriteit skep as 'n faktor wat doeltreffend teen die hoë misdaadsyfers sal wees.

¹⁰ *Vilakazi* par. 14.

¹¹ *Vilakazi* par. 22.

¹² *Vilakazi* par. 21 (beklemtoneering bygevoeg).

¹³ *S v Matyityi* 2011 1 SA 40 (HHA) par. 23 (beklemtoning bygevoeg).

¹⁴ Sien Terblanche (2007) hfst. 5 vir 'n bespreking van die diskresie m.b.t. die vonnis, asook hfst. 8 vir die vonnisfaktore (verswarend en versagter) wat 'n hof in ag moet neem voordat daar op 'n vonnis besluit kan word. Vir 'n ontleding van die vonnisfaktore m.b.t. kinderverkragting, sien Van der Merwe (2008:589).

¹⁵ Nog 'n faktor kan die oorweging van lewenslange gevangenisstraf beïnvloed, nl. die vervolging se versuim om die oortreder in kennis te stel via die klagstaat of akte van beskuldiging dat lewenslange gevangenisstraf in die geval van skuldigbevinding 'n voorgeskrewe vonnis is. Sien King (2011:59–60).

¹⁶ Sien die bespreking oor parool vir lewenslange oortreders hier onder. In die geval van 'n geregverdigde afwyking van lewenslange gevangenisstraf beslaan die tydperk van die vonnis wat uitgedien moet word, óf vier vyfdes van die tydperk, óf 25 jaar, wat ook al die kortste is, alvorens parool oorweeg kan word. Sien artt. 73(4) en 73(6)(5) Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998.

¹⁷ Van Ness en Strong (2010:134). 'n Onlangse voorbeeld is die familie van Chris Hani wat die vroeë vrylating van sy moordenaar op parool op 'n deurlopende basis teengestaan het. Sien <http://www.facebook.com/group.php?gid=32546198319> Family of Chris Hani joined to oppose parole application (28 May 2011 geraadpleeg).

¹⁸ *S v M* 2007 2 SA 60 (W) par. 50. Die hof het 'n bepaalde onderhoud met die slagoffer in 'n verkrachtingsaak aanbeveel, waar die proefbeampte die vonnisopleggingskwessies aan haar moes verduidelik nadat die oortreder tot lewenslange gevangenisstraf gevonnissen is. Sien Van der Merwe (2010:89).

¹⁹ Straffproseswet 51 van 1977 (soos ingevoeg deur art. 6 Wet 55 van 2003), gelees met die riglyne t.o.v. klaardeelname aan die Korrektiewe Toesig- en Paroolrade, 2006 GK R248 in *Staatskoerant* van 7 April 2006. Sien bespreking hier onder t.o.v. die slagoffers se regte.

²⁰ Van der Merwe (2010:98).

²¹ In reaksie op slagoffers se betoog dat die Grondwet hulle baie min bied, in teenstelling met oortreders, is die *Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika* aan die einde van 2004 deur die kabinet aanvaar (Ministerie van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, 2/12/2004. Persverklaring: Cabinet approves the South African Service Charter for victims of crime). Sien ook Suid-Afrikaanse Regskommissie (2001:646–7). Die handves skep geen nuwe regte op sigself nie, maar verhoog bewustheid en bevestig bestaande regte en prosessuele opsies vir die slagoffers. Dit is amptelik van stapel gestuur in 2007.

²² *Minimum standarde vir dienste vir slagoffers van misdaad*, deel I (2007:1). Hierdie bepaling is op een lyn met die Verenigde Nasies se verklaring van die basiese beginsels van geregtigheid vir slagoffers van misdaad en magismisbruik (GA/Res/40/30).

²³ *Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika 2007*, Inleiding.

²⁴ Sien *Matyityi* par. 16, vir die sterk uitspraak jeens 'n meer slagoffergesentreerde benadering tydens vonnisoplegging.

²⁵ Soos hier bo.

²⁶ Soos die Wet op Beregting van Kinders 75 van 2008 (artt. 61, 62 en 73(1)), die Strafproseswet 51 van 1977 (art. 299A), en die Strafwysigingswet (Wet op Seksuele Misdrywe) 32 van 2007 (art. 2).

²⁷ Eindnota 19 hier bo.

²⁸ Art. 55 Wet op Beregting van Kinders 75 van 2008.

²⁹ Art. 62 Wet op Beregting van Kinders 75 van 2008. Hierdie tipe ontwikkelings het daartoe gelei dat 'n multidissiplinêre benadering gevolg word wanneer daar met slagoffers in die strafregplegingstelsel gewerk word. Wanneer byvoorbeeld gefokus word op die welstand van slagoffers (en oortreders), speel sielkunde 'n groter rol op die terrein van die strafregstelsel. Daarbenewens is viktimologie besig om erkenning te verwerf, nie net as 'n lewensbeskouing nie, maar ook as 'n akademiese dissipline. Davis en Snyman (2005:349).

³⁰ Die *Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika 2007* bied aan alle slagoffers die reg om deel te neem aan, en voorsien hulle van inligting tydens, vonnisopleggingsprosedures, ten einde die invloed van die misdaad onder die hof se aandag te bring (soos hier bo, klousule 2). Sien Müller en Van der Merwe (2006:647) vir 'n volledige bespreking van die gebruik van impakverklarings.

³¹ Art. 299A(1) Strafproseswet 51 van 1977. Naasbestaandes word ook bewus gemaak van hierdie prosesse in die *Minimum standaarde vir dienste vir slagoffers van misdaad*, deel II (eindnota 22 hier bo) par. 24–7.

³² Art. 299A(2).

³³ Art. 299A(3).

³⁴ Riglyn 4 (eindnota 19 hier bo). Vgl. die posisie in Engeland en Wallis, waar daar aanvaar word dat dit net die staat se plig is om te besluit oor die toekoms van die oortreder. Slagoffers word nie die reg op persoonlike redevoering toegelaat nie en slegs 'n skriftelike familieverklaring, streng beperk tot die uitwerking wat 'n sterfte gehad het, word toegelaat voor die vonnisoplegging. Davies e.a. (2010:86).

³⁵ Riglyn 3(5) (eindnota 19 hier bo).

³⁶ Riglyn 9 (eindnota 19 hier bo).

³⁷ Riglyn 4 (eindnota 19 hier bo).

³⁸ Die term *klaer* word gedefinieer in riglyn 1 as “klaer of familielid soos beskou in art. 299A(1) van die Strafproseswet 51 van 1977”. Dus, alhoewel die term *klaer* gebruik word in die verwysing na die verklaring van opposisie (riglyne 5(2) en 7(b)), word daar aangevoer dat dit nie slegs vir klaers self beskikbaar is nie in die lig van die definisie, ook vir onmiddellike familieledede. Sien Emmerson en Ashworth (2001:558, par. 18.69–70) vir voorbeelde van gevalle waar families die hof genader het in ’n poging om die oortreders se vrylating op parool teen te staan.

³⁹ Riglyn 7 (eindnota 19 hier bo).

⁴⁰ Riglyn 12(2) (eindnota 19 hier bo).

⁴¹ Riglyn 8 (eindnota 19 hier bo). Die sielkundige-evalueringsverslag t.a.v. die (moontlike) risiko wat die gevangene by vrylating vir die gemeenskap sou inhou deur nuwe misdade te pleeg, behoort ’n belangrike faktor vir oorweging in die finale besluit te wees.

⁴² Sien oor die algemeen *Minimum standarde vir dienste vir slagoffers van misdaad* (eindnota 22 hier bo) deel III, o.a. par. 3 en 4, waar interaksie met die Departement van Korrektiewe Dienste aan die slagoffers ingevolge die handves verduidelik word. Sien ook riglyn 3(4).

⁴³ Riglyn 12 (eindnota 19 hier bo).

⁴⁴ Davies e.a. (2010:86).

⁴⁵ Soos hier bo.

⁴⁶ Giffard en Muntingh (2006:7–11).

⁴⁷ Eindnota 17 hier bo. Ook Mhambi (2008) en E-Nuus Ekstra (2011) m.v.n. die Shaik-saak (eindnota 87 hier onder).

⁴⁸ Die moontlikheid dat ondergrondse korrupte politieke invloed ’n rol speel in die vroeë vrylating van parool word nooit uitgesluit nie.

⁴⁹ *Matyityi* par. 16.

⁵⁰ *Matyityi* par. 15.

⁵¹ Tegelyk ’n reg en ’n kernwaarde. Sien Currie en De Waal (2005:275).

⁵² Zehr (2002:19), aangehaal in Davis en Snyman (2008:122).

- ⁵³ Janoff-Bulman en Frieze (1983:1–3), aangehaal in Davis en Snyman (2008:224).
- ⁵⁴ Post-traumatic stress disorder DSM-IV™ diagnosis and criteria.
- ⁵⁵ Sien Davis en Snyman (2008:84–92) vir 'n bespreking.
- ⁵⁶ Davis en Snyman (2008:81–3).
- ⁵⁷ Nel en Kruger (2004:10), aangehaal in Davis en Snyman (2008:82).
- ⁵⁸ Vgl. die provinsiale regering van die Wes-Kaap, waar geen diens aan bedroefde familieledede gebied word nie, ondanks beduidende stappe m.b.t. ander gebiede van misdaad, soos seksuele geweld. Verder blyk inligting oor dienste en kontakbesonderhede op webtuistes verouderd te wees: “National directory on services for victims of violence”.
- ⁵⁹ Tutu (1999:218–9), in ooreenstemming met sy verduideliking van die ware betekenis en waarde van vergifnis m.b.t. ernstige oortredings.
- ⁶⁰ Art. 10 Grondwet.
- ⁶¹ Art. 12(1)(e) Grondwet.
- ⁶² *S v Dodo* 2001 3 SA 382 (KH) par. 35.
- ⁶³ Currie en De Waal (2005:277). Ook *Makwanyane* par. 134 het betrekking.
- ⁶⁴ Soos hier bo.
- ⁶⁵ Art. 35 Grondwet.
- ⁶⁶ Art. 35(2)(e) en (f) Grondwet.
- ⁶⁷ Art. 35(2)(e) Grondwet.
- ⁶⁸ Art. 35(2)(f) Grondwet.
- ⁶⁹ Snyckers en Le Roux (2010:51).
- ⁷⁰ Mokgoro (1997:1).
- ⁷¹ 1 Oktober 2004.
- ⁷² Art. 136 bepaal dat die vrylating van gevangenes wat alreeds vonnisse uitdien, nie geraak sal word deur die wet nie, maar hanteer sal word ingevolge die Wet op Korrektiewe Dienste 8 van 1959 en die beleid en riglyne wat voorheen toegepas is.

⁷³ Fagan (2004:3). Dit is ook belangrik om daarop te let dat die oorspronklike duur van lewenslange gevangenisstraf voorheen tien jaar was.

⁷⁴ Art. 73(6)(iv) Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998.

⁷⁵ Soos hier bo.

⁷⁶ Art. 79 Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998. Let daarop dat die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 5 van 2011 (met spesifieke verwysing na art. 14) op 1 Maart 2012 in werking getree het en die vorige omstandighede waarin mediese parool oorweeg kon word, aansienlik uitgebrei het.

⁷⁷ Cilliers (2006:ii).

⁷⁸ Twee lede van die gemeenskap is nodig vir die samestelling van die raad.

⁷⁹ Sien art. 42(2)(d) Wet 111 van 1998 vir die riglyne oor die aard van die inligting wat by die verslag ingesluit moet word. Sien ook Louw (2008:71). Hy wys daarop dat dit die belangrikste dokument in die lewe van 'n oortreder is.

⁸⁰ Louw (2008:87) beklemtoon dat die belangrikste vraag altyd bly of elke verslag korrek voorberei is.

⁸¹ Riglyn 6(1) (eindnota 19 hier bo).

⁸² Riglyn 6(2) (eindnota 19 hier bo).

⁸³ Art. 78(1) en (2) Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998. Sien ook art. 73(5) (a)(ii) wat gedurende die tyd van hierdie skrywe die hof betrek het met die bepaling van die finale datum van vrylating. Die inwerkingtreding van art. 48(b) van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste 25 van 2008 word egter verwag wat die finale besluit by die minister sal laat berus.

⁸⁴ Cilliers (2006:iv).

⁸⁵ Riglyn 8(1) (eindnota 19 hier bo) verwys na ander faktore wat in ag geneem word, soos die oortreder se reaksie m.b.t. rehabilitasieprogramme, ondersteuningstelsels in die gemeenskap, die waarskynlikheid dat hy of sy weer kan oortree, en die risiko wat die oortreder vir die res van die gemeenskap kan inhou.

⁸⁶ Eindnota 76 hier bo.

⁸⁷ Sien debatte m.b.t. die vroeë vrylating van Schabir Shaik, wat tot 15 jaar gevonnissen is na aanklagte van bedrog, op grond van die minimum-vonnissen-wetgewing, maar vrygelaat is na twee jaar en vier maande. SAPA (2010); Khumalo (2011); SAPA (2011).

⁸⁸ Johnson (1987:99) beklemtoon navorsing t.g.v. visuele media om lesings uit te brei.

⁸⁹ Botein (1979:7), aangehaal deur Johnson (1987:103).

⁹⁰ Johnson (1987:102).

⁹¹ Johnson (1987:103).

⁹² Hermida (2006:14).